basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V3

MEI/JUNIE 2026

PUNTE: 80

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A:	Opstel	(40)
AFDELING B:	Lang transaksionele teks	(20)
AFDELING C:	Kort transaksionele teks	(20)

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

   - Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   - Gebruik vir jou beplanning byvoorbeeld 'n kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens.
   - Doen beplanning elke keer VOORDAT jy die finale produk skryf.
   - Dui die beplanning duidelik aan.
   - TREK 'N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

AFDELING A:	75 minute
AFDELING B:	38 minute
AFDELING C:	37 minute

7. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor 'n prent (VRAAG 1.5, 1.6, 1.7 OF 1.8) skryf.

10. MOENIE die titel bytel wanneer jy die aantal woorde tel NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL

Skryf 'n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die onderwerpe in VRAAG 1.1 tot 1.8.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.
By VRAAG 1.5, 1.6, 1.7 OF 1.8 moet jy jou eie TITEL gee.

VRAAG 1

1.1 EK RY TAXI

Baie mense in Suid-Afrika ry elke dag taxi.

Skryf 'n **opstel** en vertel wat eendag met jou in die taxi gebeur het.

Dink aan die volgende:

- Waarom het jy daardie dag taxi gery?
- Wie was saam met jou in die taxi?
- Wat het met jou/julle in die taxi gebeur?
- Hoe voel jy nou oor taxi's? **[40]**

1.2 EK WIL GRAAG SOOS MY BROER/SUSTER WEES

Jou broer/suster is 'n goeie mens en baie suksesvol *(successful).*

Skryf 'n **opstel** waarin jy van jou broer/suster vertel. Sê waarom jy graag soos hierdie broer/suster wil wees.

Dink aan die volgende:

- Wie is jou broer/suster?
- Watter goeie dinge doen jou broer/suster?
- Waarom wil jy graag soos hierdie broer/suster wees?
- Wat gaan jy doen om soos jou broer/suster te kan wees? **[40]**

1.3 DIS VIR MY LEKKER AS DIT REËN

Jy hou daarvan as dit reën.

Skryf 'n **opstel** en vertel waarom jy daarvan hou as dit reën.

Dink aan die volgende:

- Waarom het ons reën nodig?
- Watter tyd van die jaar reën dit waar jy bly?
- Waarom is dit vir jou lekker as dit reën?
- Wat doen jy wanneer dit reën? **[40]**

1.4 **SOSIALE MEDIA KAN GOED OF SLEG WEES VIR JONGMENSE**

Jongmense gebruik baie sosiale media. Dit kan goed *(good)* wees vir hulle, maar dit kan ook sleg *(bad)* wees as hulle dit nie reg gebruik nie.

Skryf 'n **opstel** oor sosiale media wat goed of sleg vir jongmense kan wees.

Dink aan die volgende:

- Watter sosiale media gebruik jongmense die meeste?
- Hoe kan hierdie sosiale media goed wees vir jongmense?
- Hoe kan hierdie sosiale media sleg wees vir jongmense?
- Watter goeie raad *(good advice)* oor sosiale media het jy vir jongmense? **[40]**

Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel oor 'n onderwerp waaraan jy kan dink. Skryf die vraagnommer (1.5, 1.6, 1.7 OF 1.8) en gee jou opstel 'n geskikte titel.

LET WEL: Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.5



[Bron: allAfrica.com] **[40]**

1.6




[Bron: freepic.com] **[40]**

1.7



[Bron: shutterstock] **[40]**

1.8



[Bron: clipart library] **[40]**

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die teks wat jy kies, boaan.

VRAAG 2

2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jou ouma speel 'n baie belangrike rol in jou lewe *(plays an important role in your life)*.

Skryf 'n **vriendskaplike brief** aan jou ouma om dankie te sê vir alles wat sy vir jou gedoen het.

Dink aan die volgende:

- Waarom skryf jy die brief?
- Watter dinge het jou ouma alles vir jou gedoen?
- Hoe voel jy oor jou ouma? **[20]**

2.2 FORMELE BRIEF (SIMPATIE)

Drie leerders van die laerskool *(primary school)* langs jou skool is in 'n busongeluk oorlede *(died in a bus accident).*

Skryf 'n **formele brief** aan die hoof van die laerskool om jou simpatie *(sympathy)* oor te dra.

Gebruik die volgende adres:

Die Skoolhoof
Laerskool Jakaranda
Boomstraat 212
PRETORIA
0001

Dink aan die volgende:

- Waarom skryf jy die brief?
- Wat kan jy sê om die hoof, onderwysers en leerders van die laerskool beter te laat voel?
- Wat gaan jou skool doen om die laerskool te help? **[20]**

2.3 **RESENSIE**

Jy hou baie van *Perdekrag*, jou leesboek in Afrikaans. Jy wil ander leerders motiveer om ook die boek te lees.

Skryf 'n **resensie** oor *Perdekrag*.

Dink aan die volgende:

- Waaroor gaan die storie?
- Wie is die karakters in *Perdekrag*?
- Waarom moet ander mense hierdie boek lees? **[20]**

2.4 **INFORMELE VERSLAG**

Jou kerk se jeuggroep *(youth group)* het 'n baie lekker konsert by die kerksaal gehou. Die pastoor vra vir jou om 'n verslag oor die konsert te skryf.

Skryf die **informele verslag**.

Dink aan die volgende:

- Wanneer, waar en hoe laat is die konsert gehou?
- Wat het alles by die konsert gebeur?
- Waarom was dit 'n baie lekker konsert? **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 60–80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die teks wat jy kies, boaan.

VRAAG 3

3.1 **STROOIBILJET**

Jou ma bak lekker koekies vir ekstra geld. Sy wil hê almal in die dorp moet haar lekker koekies koop. Sy het jou gevra om haar te help.

Ontwerp 'n **strooibiljet** om vir almal van jou ma se lekker koekies te vertel.

Dink aan die volgende:

- Watter tipe koekies bak jou ma?
- Hoeveel kos die koekies?
- Waar kan mense meer inligting oor jou ma se koekies kry?

LET WEL: Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versiering NIE. **[20]**

3.2 **KORT TEKSBOODSKAP (*WHATSAPP*)**

Jy het twee kaartjies na die sokkerwedstryd tussen Bafana Bafana en Nigerië gewen. Jy wil hê jou maat moet saam met jou gaan.

Skryf 'n ***WhatsApp*-boodskap** vir jou maat om hom/haar te vra om saam met jou te gaan.

Dink aan die volgende:

- Hoe het jy die kaartjies gewen?
- Wanneer, waar en hoe laat gaan die wedstryd gespeel word?
- Vra vir jou maat of hy/sy saam met jou sal gaan.

LET WEL: Jy mag NIE sleng of sms-taal gebruik NIE. **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jou broer is in graad 10. Hy moet sy Afrikaans-toespraak voorberei *(prepare)*.

Skryf **instruksies** vir jou broer neer oor hoe om sy toespraak te skryf, te oefen en in die klas te doen.

Skryf jou instruksies puntsgewys en in volsinne neer.

Voorbeeld:

1. Kies die onderwerp waaroor jy wil praat.
2. ...
3. ... **[20]**

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 80

Kopiereg voorbehou